



COPYRIGHT NOTICE

Please note:

The material contained in this document can be used **ONLY** for **personal** study/research and therefore can be copied but only for **personal** use.

Any form of copying for distribution purposes requires copyright permission from author/university.

**AANTEKENINGE BY SKAKERING (1991): 'N
OMGEWINGSOPVOEDINGSBENADERING
TOT DIE GEDIGTEKS**

Ruth Mathomane Motaung

Navorsingsartikel ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die
vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (Die Onderrig van Afrikaans)

in die

Program Afrikaans en Nederlands

Universiteit van Natal

Durban

Januarie 2001

Studieleier: Vasu Reddy

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat hierdie navorsingsartikel, tensy spesifiek anders in die teks aangedui, my eie, oorspronklike werk is en dat dit aan geen ander instansie voorgelê is ter verkryging van 'n graad nie.

Handtekening: R. Motaung
Studentenommer: 971154637
Naam in drukskrif: RUTH MATHOMANE MOTAUUNG
Datum: 11 April 2001

ERKENNINGS

Ek wil my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone en instansies:

- My Skepper vir die talente, vermoë en krag wat Hy in sy groot genade aan my toegeken het.
- My eggenoot, Palo, vir sy bemoediging, belangstelling, hulp en kennis wat hy so onselfsugtig met my gedeel het.
- My kinders, Thato, Tankiso en Tumo, vir al hul ondersteuning, liefde en geduld.
- My broer, Simon, en suster, Leah Khumalo, vir hulle opofferings en ondersteuning in dikwels moeilike omstandighede tydens my studie.
- Prof. Lydia McDermott vir haar volgehoue en voortdurende onderskraging en motivering.
- My studieleier, Vasu Reddy, vir sy waardevolle en rigtinggewende leiding en professionele hantering van my as student.
- Die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling vir finansiële bystand.

SUMMARY

This article has as focus an environmental education analysis of ten selected poems from the book *Skakering* (Opperman and Coetzee 1991) to associate the problem of environmental education with the teaching of a humanities subject like Afrikaans, and specifically in the light of the poem as text. It has as its aim the teaching of a genre, to relate in this regard the single text (the poem text) to the environment and environmentally associated problems. In this respect an approach which is aimed at selected texts in *Skakering* (Opperman and Coetzee 1991) shall possibly accentuate both teachers and pupils' relationship with nature. This article will concentrate on the following: a definition of environmental education as phenomenon which links up the concept ecology, general overview of the important and relevant sources, a theoretical explanation of the concept environmental education, a brief discussion of existing studies that pays attention to the environment and environmental education in the literature, the analysis of the contents of poems that represent certain environmental problems, and an awareness of the pedagogical implications for the teacher.

OPSOMMING

Hierdie artikel het as fokus 'n omgewingsopvoedingsanalise van tien geselekteerde gedigte uit die bundel *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) om die probleem van omgewingsopvoeding in verband te bring met die onderrig van 'n geesteswetenskaplike vak soos Afrikaans, en spesifiek aan die hand van die gedigte. Dit het as doel die onderrig van 'n genre, om in dié verband die enkelteks (die gedigte) in verband te bring met die omgewing en omgewingsverwante probleme. In hierdie opsig sal 'n benadering wat op geselekteerde tekste in *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) gerig is, beide onderwysers en leerlinge se verhouding met die natuur aksentueer. In hierdie artikel word op die volgende gekonsentreer: die omskrywing van omgewingsopvoeding as verskynsel wat aansluit by die konsep ekologie, 'n oorsig van die belangrike en relevante bronne, 'n teoretiese uiteensetting van die konsep omgewingsopvoedingsbenadering, 'n kortlikse bespreking van bestaande studies wat aandag gee aan die omgewing en omgewingsopvoeding in die letterkunde, 'n analise van die inhoud van gedigte wat bepaalde omgewingsopvoedingsprobleme representeer, en 'n bewustheid van die pedagogiese implikasies vir die onderwyser.

INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING	1
1.1	Probleemstelling	2
2.	OMGEWINGSOPVOEDING	4
2.1	Wat is omgewingsopvoeding?	5
2.2	Omgewingsopvoeding in die T2-klaskamer	8
2.3	Wat is 'n omgewingsopvoedingsbenadering?	11
3.	OMGEWINGSOPVOEDING EN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE: ENKELE OPMERKINGS OOR REPRESENTASIE	12
4.	<i>SKAKERING (1991)</i> AAN DIE HAND VAN 'N OMGEWINGSOPVOEDINGSBENADERING	14
4.1	Droogte	14
4.2	Eerste Sneeu	16
4.3	Wilgerbome	19
4.4	Vuurlopers	21
4.5	wêreld	23
4.6	Ken jy die see...	25
4.7	Eendvoël-jag	27
4.8	Luisterswaeltjies	29
4.9	Luislang	31
4.10	Agter tralies	32
5.	GEVOLGTREKKINGS	34
	BIBLIOGRAFIE	37
	BYLAAG (Gedigte)	

1. INLEIDING

In hierdie navorsingsartikel word daar nagegaan hoe die skolebundel *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) as 'n bron van inligting gebruik kan word om 'n bewustheid van die omgewing by leerlinge te kweek. Die artikel het as fokus 'n omgewingsopvoedingsanalise van geselekteerde gedigte uit die bundel om die probleem van omgewingsopvoeding in verband te bring met die onderrig van 'n geesteswetenskaplike vak soos Afrikaans, en spesifiek aan die hand van die gedigte. Daar word dus ondersoek ingestel oor hoe gegewens binne die teks georganiseer word om aspekte van die omgewing (en sy probleme) te illustreer. In hierdie opsig sal die artikel stilstaan by 'n ondersoek van die lees en interpretasie van gedigte wat bepaalde omgewingsopvoedingsprobleme representeer, asook by die moontlike voordele wat hierdie insigte inhou vir die pedagogiese proses, spesifiek vir Afrikaans.

Die skolebundel *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) het as teikenmark matriekleerlinge wie se huistaal nie Afrikaans is nie. Die teks word tans deur die Vrystaatse Onderwysdepartement gebruik, waar ek ook as vakadviseur optree vir Afrikaans Tweedetaal (T2). Die bundel is 'n hersiene en bygewerkte uitgawe van *Poësie vir plesier* wat in 1980 verskyn het en saamgestel is deur D.J. Opperman, J. Taljaard, J.N. Landman en H. Askes. Vir hierdie uitgawe het G.H.J. Coetzee (die samesteller) gedigte in afdelings geplaas en vrae toegevoeg aan die leser. In die voorwoord van die 1991 uitgawe, noem die uitgewer dat kriteria by die seleksie van tekste onder meer insluit die belangstellingsveld van die lesers, asook die genieting van Afrikaans en die poësie. Daar word ook genoem dat die 'samebindende faktor' in die bundel die 'mens' is en veral die mens in verhouding met sy omgewing, die natuur, dier, familieledede en ander faktore. Wat opval, as daar na die groepering van die gedigte gekyk word, is die sentrale posisie wat die mens in die samelewing beklee. Selfs die titel van die bundel is betekenisvol. *Skakering* staan naamlik binne die kader van die multikulturalisme met sy sinspeling op nuanses, kleurtone en verskeidenheid – aspekte wat

bestem is vir jongmense in die bloeityd van hulle lewens. Laasgenoemde aspek is wel belangrik in die lig van die feit dat die bundel toegespits is op leerlinge in 'n konteks wat multikulturaliteit bevorder. Bo en behalwe die feit dat *Skakering* op diversiteit, verskille en verskeidenheid sinspeel, wat belangrik is vir geestelike, sosiale en intellektuele ontwikkeling, is daar ook ruim moontlikhede vir die onderwyser om op tematiese vlak leerlinge te stimuleer sodat hulle konstant bewus bly van hulle onmiddellike konteks, naamlik hulle omgewing. Die bundel open interessante moontlikhede in hierdie opsig vir beide onderwyser en leerling. Bowendien bevat die bundel gedigte van bekende digters in die Afrikaanse letterkunde en is dus nie 'n lukrake versameling nie.

Die woord *aantekeninge*, wat in die titel van dié navorsingsartikel voorkom, dui onder andere op 'n kommentaar, omskrywing en karakterisering van hoe die bundel (en spesifiek die geselekteerde gedigte daarin) 'n omgewingsopvoedingsbenadering tot die onderrig van die gedigteks ondersteun. Dit het ten doel, nie 'n metodologie vir die onderrig van poësie nie, maar eerder 'n interpretasieraamwerk wat die fokus laat val op sosiaal-relevante sake, soos byvoorbeeld omgewingsbewaring.

1.1 Probleemstelling

In 'n artikel in *Klasgids* skryf Nieman en Loubser (1992: 53-58) oor omgewingsopvoeding en word 'n aantal voorstelle vir die onderwyser uiteengesit. Die outeurs wys daarop dat dit belangrik is om te onthou dat "omgewingsopvoeding nie formeel moet geskied nie, maar dat dit subtiel met die vakmateriaal geïntegreer moet word. Omgewingsbewaring moet nie so aangebied word dat leerlinge verplig en onder dwang voel om die omgewing te bewaar nie – hulle moet geleer word om die omgewingskrisis in hulle eie land en die wêreld in perspektief te sien" (Nieman en Loubser 1992: 54).

In sy artikel in *Klasgids* twee jaar later noem Crous (1994: 24) in sy bespreking van enkele 'groen' lesidees na aanleiding van Dalene Matthee (1984) se *Kringe in 'n bos* dat daar 'vele aktuele kwessies wat op skool via die letterkunde onder die leerlinge se aandag gebring kan word', is. Volgens Crous (1994: 24) moet die 'ganse kanon herlees word én wel vanuit die oogpunt van die leerling om dit vir hom/haar relevant te maak'.

Dat omgewingsverwante probleme oor die afgelope drie dekades toegeneem het, is nie te betwyfel nie. Trouens, dit is moontlik om te praat van 'n omgewingskrisis in die wêreld. Ons weet in Suid-Afrika, soos in ander plekke in die wêreld, word daar vanuit verskeie oorde veldtogte geloods om mense bewus te maak van probleme in die omgewing. Hierdie navorsingsartikel is egter nie 'n poging om op 'n gedetailleerde wyse op hierdie probleme in te gaan nie. Dit het as doel die onderrig van 'n genre, om in dié verband die enkelteks (die gedigte) in verband te bring met die omgewing en omgewingsverwante probleme. In hierdie opsig sal 'n benadering wat op geselekteerde tekste in *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) gerig is, moontlik beide onderwysers en leerlinge se verhouding met die natuur beklemtoon. Sodoende word daar op tweërlei wyse 'n belangstelling in die poësie en 'n waardering vir die natuur gekweek. Dit leer ook die leerling die relevansie van die bestudering van die letterkunde.

In hierdie artikel sal daar op die volgende vertrekpunte gekonsentreer word:

- Die omskrywing van omgewingsopvoeding as verskynsel wat aansluit by die konsep ekologie en 'n oorsig van die belangrikste en relevante bronne.
- 'n Teoretiese uiteensetting van die konsep omgewingsopvoedingsbenadering
- 'n Kortlikse bespreking van bestaande studies wat aandag gee aan die omgewing, omgewingsopvoeding en die letterkunde.

2. OMGEWINGSOPVOEDING

Om hierdie verskynsel te kan omskryf, is dit eerstens nodig om te kyk na die presiese betekenis, asook na die verhouding tussen die terme *omgewing* en *ekologie*. Veral laasgenoemde is meer bekend in die wetenskaplike vakliteratuur as 'n begrip wat betrekking het op die verhouding tussen dier, plant en die omgewing, waarin dit ook 'n ondersoeksofjek spesifiek soos byvoorbeeld plantekologie, bevolkingsekologie en landbou-ekologie. Maar as term kan die woord *ekologie* teruggevoer word na die Griekse *oikos*. In pre-Sokratiese denke was hierdie woord omskryf as *huis*, spesifiek as 'n hele huis waarin daar eendrag was tussen die natuur en die wetenskappe. Volgens Peter Morris-Keitel (1997: 153) wat hierop uitbrei, word die natuur beskou as iets waarmee die verstand gevul is, "thought to be alive, intelligent, and rational". Daar is verder geglo dat die natuur (veral diere en plante) in die intellektuele ontwikkeling van die wêreld deelneem. Daar is in hierdie paradigma 'n simbiose of balans tussen mens en natuur. Die breuk tussen mens en natuur verskyn egter in die periode wat die Verligting genoem word, 'n tydperk waarin daar grootskaalse veranderinge verskyn het op die gebied van die ekonomie en die tegnologie wat terselfdertyd groter skeiding veroorsaak het tussen mens en natuur. As wetenskaplike verskynsel is *ekologie* 'n wetenskaplike studieveld, wat deur die Duitse bioloog, Ernst Heinrich Haeckel (1834 – 1919) in die lewe geroep is en waarin die studie van die verhouding tussen diere, plante en hul omgewing sentraal staan. Dus kan daar gesê word dat *ekologie* as konsep, wat direkte betrekking het op mens en natuur, 'n ou verskynsel is. Daar kan ook geargumenteer word dat die woord *omgewing*, veral deur sy assosiasie met die natuur en die mens, 'n relatiewe moderne verskynsel is. Bloot op denotatiewe vlak kan daar besin word dat die woord *omgewing* meer te make het met die milieu (dus ruimte) waarin die mens verkeer eerder as sy breër assosiasies met kontemporêre vraagstukke soos besoedeling, bevolkingsgroei en dies meer.

2.1 Wat is omgewingsopvoeding?

Omgewing is 'n begrip wat na die wêreld om ons verwys. Dit sluit in die natuurlike omgewing (diere, plante, grond, lug, ens.) *Die basiswoordeboek van Afrikaans* (Gous 1994: 287) omskryf omgewing as volg: "'n mens se omgewing bestaan uit die plek waarin jy woon, en al die omstandighede, mense, dinge en gebeure rondom jou wat jou lewe beïnvloed". *Die verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Odendaal 1991: 749) definieer omgewing as "'n kring waarin 'n mens verkeer, 'n streek of buurt." *Die kernwoordeboek* (Odendaal 2000: 391) omskryf omgewing as "'n streek of buurt, 'n kring waarin beweeg word, sowel as die natuur en die mens." Uit die bogenoemde omskrywings is dit duidelik dat die woord omgewing te make het met die mens in verhouding met dier, plant, lug en dus die natuur.

Omgewingsopvoeding handel oor die opvoeding wat 'n positiewe houding teenoor die omgewing skep. *Die woordeboek van die Afrikaanse taal* (Van Schalkwyk 2000: 297) omskryf omgewingsopvoeding as:

'n Opvoeding wat gemik is op o.m. die inskerping en begrip, liefde en waardering van die omgewing. Omgewingsopvoeding het 'n dinamiese rol om te speel; 'n komplementerende rol, wat bewaring onderskraag, regverdig en selfs kan lei.

Omgewingsopvoeding is dus 'n breër verskynsel wat algemene kennis en bewustheid van die omgewing dek. Omgewingsopvoeding verskil van omgewingsleer in die sin dat eersgenoemde op 'n dissiplinêre gebied fokus soos byvoorbeeld aardrykskunde en biologie. *Die woordeboek van die Afrikaanse taal* (Van Schalkwyk 2000: 299) verduidelik verder dat in omgewingsleer vakke en vaardighede gedoseer word deur dit met die omgewing in verband te bring.

Volgens Palmer en Neal (1994: 12) is omgewingsopvoeding op internasionale vlak vir die eerste keer by die vergadering van die IUCN (International Union for the Conservation of Nature) in 1948 in Parys gebruik. Later is die definisie van omgewingsopvoeding verder verfyn:

Environmental education is the process of recognising values and clarifying concepts in order to develop skills and attitudes necessary to understand and appreciate the inter-relation among man, his culture and his biophysical surroundings.

(Palmer 1998: 12)

Met ander woorde, omgewingsopvoeding beklemtoon waardes, vaardighede, houdings, begrip en waardering vir die mens binne sy biofisiese konteks. Omgewingsopvoeding vind dus aansluiting by omgewingsbewaring-aktiwiteite wat omgewingsprobleme sal verhoed. Dit is noodsaaklik om die omgewing te ontwikkel en positief te beïnvloed. Deur die lees van die geselekteerde gedigte in *Skakering* kan begin word om hierdie positiewe intervensie mee te bring.

In Palmer (1998: 143) word die definisie van omgewingsopvoeding, wat deur die IUCN opgestel is, verder uitgebrei. Die volgende is die belangrikste elemente van omgewingsopvoeding: bewusmaking, kennis, houding en vaardighede. Deur bewusmaking word die individu en sosiale groep ingelig oor die omgewing en verwante probleme. Die nodige kennis word verskaf om sodoende individue toe te rus vir die probleemoplossing. 'n Positiewe houding is noodsaaklik om individue en groepe te inspireer en te motiveer om daadwerklik op te tree in die aangesig van vraagstukke in die omgewing. Vaardighede word aangeleer om individue en groepe toe te rus vir die beskerming en verbetering van die omgewing. Die klaskamer kan een voorbeeld wees van so 'n groep. Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat omgewingsopvoeding die houding, waardes en kennis van leerders kan identifiseer en beïnvloed. Chiepe (1998: 5) op sy beurt, omskryf omgewingsopvoeding soos volg:

Environmental education means learning how to employ new technologies, increase productivity, avoid environmental disaster, alleviate existing damage, see and utilize new opportunities to make wise decisions.

Chiepe se omskrywing verskil van Palmer aangesien eersgenoemde die klem laat val op die tegnologiese impak en waardes van omgewingsopvoeding, terwyl laasgenoemde (Palmer 1998) die sosiale en kulturele waardes van omgewingsopvoeding beklemtoon. Du Toit en Squazzin (1995: 30) omskryf omgewingsopvoeding as 'n soort benadering wat die omgewing as 'n geheel beskou. Volgens hulle is dit 'n interdisiplinêre en lewenslange proses wat op huidige en toekomstige omgewingskwessies fokus.

Omgewingsopvoeding is meer as net kennis en bewusmaking van die omgewing; dit word beskryf as 'n proses wat die verhouding tussen mense en die omgewing beïnvloed. Dit beïnvloed mense se verhoudings en gedragspatrone om in die sosiale transformasie en ontwikkeling van die omgewing deel te neem. So 'n perspektief word ook weerspieël in sommige van die gedigte wat later geanaliseer sal word.

Die *Suid-Afrikaanse regering se witskrif oor omgewingsopvoeding* (1995) omskryf omgewingsopvoeding as 'n internasionale en aktiewe benadering wat die belangrike elemente en programme van die opvoedingsstelsel behels wat verantwoordelike burgers sal ontwikkel. Dit sal ook verseker dat alle Suid-Afrikaners 'n waardevolle lewe geniet en natuurlike hulpbronne oordeelkundig gebruik om toekomstige oorlewing te verseker.

Suid-Afrika is deel van die internasionale omgewingskwessies en neem deel aan die omgewingsopvoedingsprosesse. Die Departement van Omgewingsake is verantwoordelik vir die bevordering van die benutting van die omgewing en is

ook gemoeid met die bevordering, koördinerings en monitering van omgewingsopvoeding. In Suid-Afrika, en wêreldwyd, word programme deur verskillende organisasies ontwerp wat die beskerming van die omgewing beklemtoon. Daar is omgewingsdae wat internasionaal gevier word. Hierdie dae word deur verskeie staatsdepartemente, organisasies en privaat-maatskappye gekoördineer en geborg, byvoorbeeld Wêreldomgewingsdag, Boomplantdag en Erfenisdag. Hierdeur word mense van die natuur bewus gemaak. As hierdie dae gevier word, sal die leerders in staat wees om van die omgewing te leer, natuurlewe te waardeer en dit alles op 'n manier wat hulle sal kan geniet.

Volgens Hall, Holomisa en Lamont (2000: 08) het die regering ook wette wat die omgewing teen skadelike aktiwiteite beskerm soos wette oor water, woude en diere. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is CITES (Convention of International Trade for Endangered Species) wat die kommersiële handel van sekere bedreigde spesies verbied. Die onwettige handel bring mee dat dierspesies al hoe minder word. Baie diere se natuurlike habitat word vernietig weens die invloed van die mens op die omgewing. Verder word dierelewe bedreig deur jagters en boere wat diere skiet of vergiftig. Leerders kan deur omgewingsopvoeding bewus gemaak word van die noodsaaklikheid om die oorblywende spesies te beskerm. Met verwysing na die kwessie van bedreigde spesies, veral wat dierelewe betref, speel nuus- en televisieprogramme soos *50/50* dikwels 'n fundamentele rol om die breër publiek bewus te maak van hierdie probleem. Hierdie kwessie word in sommige van die gedigte aangespreek soos ek later sal verduidelik.

2.2 Omgewingsopvoeding in die T2 – klaskamer

Soos vroeër genoem, is die skolebundel *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) gerig op leerders in die seniorfase wie se huistaal nie Afrikaans is nie. Die

seniorfase leerders word in die *Nasionale beleidsdokument van Oktober (1997)* soos volg beskryf:

Hulle ontwikkel abstrakte denke. Op hierdie vlak begin die sofistisering van denkprosesse en met goeie ondersteuning kan hierdie leerders gebeurtenisse ontleed en 'n begrip van moontlike korrelasie, kombinasies, proporsionele redenering asook hoëvlak kognitiewe vaardighede openbaar.

Dit is belangrik om die seniorfase leerders op kritiese en kreatiewe denke, vaardighede, houdingsontwikkeling en begrip van hul rol in die gemeenskap te laat fokus. Die leerders verwag voortdurend ander se reaksie op hul voorkoms en gedrag. Portuurinvloede speel 'n belangrike rol in hul sosiale ontwikkeling.

In die nuwe Uitkomsgebaseerde Onderwys is die fokus op die leerder, met ander woorde wat die leerder self kan doen en ontdek. Die essensie van die kurrikulum van die seniorfase is dié van oorgang tot ingeligte keuse om die leerder se onafhanklikheid te bewerkstellig. Die leerproses kyk holisties en probleemoplossend na die leerders se daaglikse lewe in die samelewing en omgewing. Leerders se reaksie op die gedigte sal help om hulle persoonlike lewe met die lewe van ander mense te verbind. Hulle sal in staat wees om wat hulle in die gedigte leer in hulle daaglikse lewe toe te pas. Leerders ontwikkel dus as verantwoordelike burgers. In hierdie opsig speel die inhoud van die gedigte 'n pertinente funksie.

Een van die spesifieke uitkomstes van taalgeletterdheid en kommunikasie is dat leerders 'n waardering van die estetiese, affektiewe, kulturele en sosiale waarde van taal ontwikkel. Deur taal kan leerders aangemoedig word om hulle opinie oor omgewingskwessies uit te druk. 'n Gedigte is 'n nuttige en genotvolle hulpmiddel om die probleem van omgewingsbewustheid aan te spreek. In 'n

gedigteks word die leerders gelei om die bestudering daarvan met 'n omgewingsoog te lees.

Die gedigteks dien as 'n stimulus vir die ontwikkeling van denk-, praat-, lees-, skryf- en luistervaardighede. *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) as 'n bron van inligting kan ook aangepas word by die vereistes van die Uitkomsgebaseerde Onderwys. In die seniorfase is daar genoeg geleentheid om leerders in staat te stel om gevorderde kennis, begrip en vaardighede te verwerf en te ontwikkel. Die funksie van omgewingsopvoeding in taal word verder deur Ketlhoilwe (1998: 106) verduidelik:

Environmental education provides a context in which learners develop their communication skills. It provides opportunities for learners to listen, read, discuss and write for a variety of specific purposes, to find and select information, to respond to and appreciate literature about the environment.

'n Gedigteks word gebruik om te verseker dat die uitkomst van taalgeletterdheid en kommunikasie bereik word. Die onderrig van letterkunde in die T2 klaskamer kan positiewe bydrae lewer om omgewingskennis by die leerders te kweek en hulle bewus te maak dat hulle deel van die omgewing is. Letterkunde-onderrig bied 'n geskikte geleentheid waarbinne elke leerder in die T2 klaskamer met homself en sy eie omgewing probleme kan identifiseer en oplos. Die onderwyser kan geskikte gedigtekste identifiseer volgens die leerders se omstandighede en agtergrond. Deur omgewingsopvoeding kry die leerders die geleentheid om dinge in die omgewing raak te sien.

Omgewingstake sal die leerder in staat stel om die omgewing self te ontdek. Om selfontdekking aan te moedig sal die onderwyser die leerders se nuuskierigheid moet prikkel. Bespreking oor hulle bevindings sal hulle woordeskat ook

ontwikkel. Hierdeur sal die leerders bewus gemaak word dat Afrikaans in verskillende situasies gebruik word.

Na aanleiding van die omgewingstema kan leerders prente teken, gedigte dramatiseer of skryf. Nuusberigte, verslae en debatvoering is ook relevant. Groepwerk moet aangemoedig word om leerders die geleentheid te gee om probleme op te los en die taak saam aan te pak. Deur dialoogvoering, groepwerk en rolspeel ontwikkel kommunikasievaardighede om taal in spesifieke situasies en vir spesifieke doeleindes aan te wend. Burt (1999: 20) verduidelik verder:

To be creative often means that we have to open our minds to new ways of looking at the world in which we live. Drama, song and dance offer learners the opportunity to search and practice different ways of doing things.

Leerders voel gemotiveerd as die teks interessant en binne hulle leefwêreld val. Kruger (1995: 75) verduidelik verder dat leerders in die T2 klaskamer dikwels probleme ondervind om literêre tekste te verstaan, daarom is dit noodsaaklik dat die teks by die vermoëns en behoeftes van die leerders moet pas. Deur onderwerpe te gee wat by die leerders se leefwêreld en omstandighede pas, word hulle aangemoedig om hulle eie gedagtes uit te druk.

2.3 Wat is 'n omgewingsopvoedingsbenadering?

In die lig van die voorafgaande bespreking oor die konsep 'omgewing' is dit nou noodsaaklik om die begrip 'omgewingsopvoedingsbenadering' vir die doeleindes van hierdie artikel te omskryf.

'n 'Benadering' kan in die eerste instansie verstaan word as 'n manier om 'n bepaalde onderwerp te bekyk of te ondersoek. Vir ons doeleindes kan

'benadering' ook verstaan word as 'n interpretasieraamwerk om die geselekteerde tekste in *Skakering* te ontleed. Met ander woorde 'n omgewingsopvoedingsbenadering is 'n leesstrategie wat die omgewing as tema (en fokus) in elke gedig vooropstel. Om die diskoers oor omgewingsopvoeding verder te spesifiseer vir die doeleindes van hierdie artikel, sal vervolgens kortliks stilgestaan word by 'n bespreking van die konsep omgewingsopvoedingsbenadering.

Omgewingsopvoedingsbenadering sluit aan by die Uitkomsgebaseerde Onderwys omdat dit ook fokus op wat die leerders kan doen. Dit fokus op die holistiese ontwikkeling van die leerders sowel as die leerinhoud. Volgens hierdie benadering kan die leerstof nie maklik gemaak word as dit in klein dele opgebreek en onderrig word nie. Dit behels die bestudering van die omgewing as 'n geheel eerder as verskillende komponente in isolasie. 'n Omgewingsopvoedingsbenadering sal die leerders bewus maak dat hulle deel van die omgewing is waarin hulle leef. Maar in die konteks van hierdie artikel is die 'benadering' waarvan gepraat word dus 'n leesraamwerk wat die gedigteks aanspreek.

Die kwessie van die omgewing en die natuur as verskynsel wat die inhoud van hierdie gedigte teken, kom hier aan die bod. Oor die representasie van die natuur in die letterkunde is daar 'n uitgebreide korpus sekondêre literatuur. In die volgende afdeling staan ek kortliks stil by hierdie saak om die artikel verder te kontekstualiseer.

3. OMGEWINGSOPVOEDING EN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE: ENKELE OPMERKINGS OOR REPRESENTASIE

Marais en Zuiderent (1997: 4) beweer dat die aspekte van die natuur en omgewing reeds sedert die ontstaan van Afrikaanse letterkunde op verskillende maniere in sowel die orale as skriftelike literatuur neerslag gevind het. Met

verloop van tyd het daar opvallende klemverskuiwing in die siening en uitbeelding van die natuur in Afrikaans ingetree. Een rede mag wees dat die skrywers se leefwêreld beïnvloed is deur verstedeliking.

Later het die natuur opnuut belangrik geword binne die konteks van omgewingsbewustheid. Skrywers is aangemoedig om oor die omgewingskrisis te skryf om sodoende die breër publiek bewus te maak van die probleme. Die bundel *Groen* (1990) is spesiaal opgestel op hierdie versoek, gevolg deur *Ons klein en silwerige planeet* (Marais en Zuiderent 1997) waar Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse poësie oor die omgewing saamgestel is. Volgens Visagie (1997: 176) gee albei samestellers in hierdie bundel 'n oorsig van die herkoms en ontwikkeling van omgewingspoësie in Afrikaans en Nederlands. Visagie (1997: 176) verduidelik verder dat Marais die betrokkenheid van digters by ekologiese vraagstukke beklemtoon terwyl die landskap en natuur vir Ad Zuiderent meer belangrik is. Daar is ook digbundels in Afrikaans wat besorgdheid oor die omgewing uitspreek, byvoorbeeld *Met die aarde praat* (1992b) deur Cloete, *Verweerde aardbol* (1992) deur Marais en *'n Onbekende jaartal* (1995) deur Rousseau. In *Kringe in 'n bos* (Matthee 1984) word die publiek ook bewus gemaak van die belangrikheid van die ekosisteem.

In Bell en Cowper-Lewis (1993: 60) verduidelik Frielick die volgende oor die verwantskap tussen die natuur en die letterkunde:

The environment is in every text, if we assume that the environment is the outer world of which the writer is part and which contains the raw material that is transformed into art through the creative process.

In die Afrikaanse letterkunde, en spesifiek die jeugprosa, speel die natuur en natuurbewaring 'n baie belangrike rol. In sommige verhale word die natuurruimte as verhaalelement 'n medebepalende faktor in die strukturering van die plot,

soos byvoorbeeld in P.H. Nortjé se *Die Wildedruif val* (1982) wat 'n natuurramp uitbeeld. Daar is verder goeie voorbeelde in die jeugprosa wat op diere- en jagtemas fokus wat belangrike kwessies oor die omgewing aanspreek. Goeie voorbeelde van verhale wat hierdie aspekte van die breër omgewing aanspreek sluit in die bekende teks van John Coetzee, *Die Ysterpad see toe* (1986) wat op die saak van grootwildjag fokus. Barrie Hough se *My Kat word Herfs* (1986) dwing die leser om ná die lees van die teks met ander oë na 'n kat te kyk.

In die lig van voorafgaande afdelings, waar die kwessies van omgewing, omgewingsopvoeding, die letterkunde en die bewustheid wat by leerders gekweek moet word bespreek was, word daar nou stilgestaan by die analise van geselekteerde tekste in *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991).

4. SKAKERING AAN DIE HAND VAN 'N OMGEWINGS- OPVOEDINGSBENADERING

Tien tekste uit *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) wat aspekte van die omgewing illustreer, word vervolgens bespreek. In elke gedig word een of ander aspek van die natuur aangespreek. Ek lees telkens elke gedig met 'n analise van die inhoud en 'n bewustheid van die pedagogiese implikasies vir die onderwyser. Telkens word analise voorafgegaan met aantekeninge vir die onderwyser oor die digter.

4.1 Droogte

(I.D. du Plessis)

(Sien bylaag : p. 1)

Izak David du Plessis is op 25 Junie 1900 op Phillipstown gebore en ontvang sy skoolopleiding op Steynsburg, Petrusville. Later leer hy aan die Hoërskool Wynberg vir seuns in Kaapstad. Na sy studie aan die Universiteit van Kaapstad is hy vir 'n tyd lank onderwyser op Worcester. Hy werk as joernalis in die redaksie van *Die Burger* en *Huisgenoot*. Later is hy lektor aan die Kaapse Tegniese Kollege. In 1935 behaal hy 'n doktorsgraad. Hy aanvaar 'n aanstelling

as lektor aan die Universiteit van Kaapstad. Hy word die kanselier van die Universiteit van Wes-Kaap. In 1937 word sy bundels *Vreemde liefde* (1937) en *Ballades* (1937) met die Hertzogprys vir poësie bekroon terwyl hy in 1962 die Scheepersprys vir jeuglektuur ontvang.

Die gedig "Droogte" kom uit die bundel *Mens en ster* (1980). In *Skakering* is die gedig ingedeel onder die tema, "Mens in die natuur". Dit beklemtoon die belangrike posisie wat die natuur in die samelewing beklee. Volgens Smith (1987: 95) "ervaar die leser deur die oë van 'n waarnemerverteller 'n natuurtooneel, die toestand waarin plante en diere verkeer terwyl die landstreek deur droogte geteister word". Die woord "Droogte", wat as titel van die gedig voorkom, kan omskryf word as 'n langdurige tydperk sonder reën waarsonder dit onmoontlik is om te lewe. Die gedig "Droogte" is 'n Italiaanse sonnet. In die oktaaf word die invloed van droogte beskryf. Die sombere toestand waarin mense, diere en plante tydens 'n droogte verkeer word duidelik uitgebeeld.

Die grond het uitgedroog en die "wasem" (reël 1) is afgegee as gevolg van die hitte. Omdat dit verskriklik warm is, lyk dit asof die "rantjies" (reël 2) bewe en die hond wat in die koelte lê "hyg" (reël 2) na asem. Die bome is ook deur droogte getref; hulle is swak. Om die swakheid van die bome te beklemtoon word 'n vergelyking gebruik, naamlik "Soos kerse flikker-dans die bome rond" (reël 5). Distansiëring in reël 5 word gebruik om die sin uit te lig. Die aandagstreep benadruk die woord "dans" in reël 5.

Die aarde het gebars, want dit is baie droog. Dit lyk asof die aarde "rou" (reël 7). Die aarde is in groot smart of verdriet. Daar is 'n ooreenkoms tussen die woorde "rou" in reël 7 en "swart" in reël 8. Rou en swart beklemtoon die gevoel van hartseer en smart. Personifikasie word gebruik om hierdie gevoelens te benadruk in reël 7 en 8, die "aarde is in die rou" en "haar oopgevlakte wond". Die aandagstreep voor die woord "gebarste" in reël 7 benadruk dit. Om reël 7 verder

uit te brei word die dubbelpunt aan die einde van die sin gebruik. Die diepgebarste aarde word deur swart wortels gebind (reël 7 en 8).

Sekere diere en plante kan hierdie toestand van droogte weerstaan. Die "besie" in reël 9 en 10 sing "eentonig" 'n "loflied" wat na die son gestuur word. Die lied is "eentonig" (reël 10), sonder enige afwisseling en vervelend. Alles is vervelend en daar is geen hoop nie, maar dit lyk asof die besie tevrede is. Die "seeroogsprinkaan", wat ook hierdie toestand kan weerstaan, sit roerloos en "staar 'n sonverblindende wêreld in" (reël 13). Die geweldige mag van droogte word deur die "wit geraamtes" in reël 14 weerspieël. Die gevolg wat deur droogte meegebring is, is bene wat rondversprei lê.

Die gedig maak lesers bewus van verskillende toestande wat baie onaangenaam is, byvoorbeeld droogte vir mense, diere en plante. Dit dui op die sombere toestand van die aarde gedurende 'n droogte en hoe lewende wesens dit ervaar. Hierdeur word die leerders bewus gemaak van die gevolge wat droogte in die omgewing bring. 'n Taak kan aan die leerders gegee word waarin hulle 'n studie maak van die impak wat droogte op hulle lewens het.

Uit die bogenoemde gedig ervaar die lesers die toestand waarin plante en diere verkeer wanneer die land deur droogte getref word. In die gedig wat volg, word die natuur gebruik om gevoelens te weerspieël. Albei handel oor die unieke eienskappe van die natuur wat benut kan word.

4.2 Eerste sneeu

(N.P. van Wyk Louw)

(bylaag: p. 2)

Nicolaas Petrus van Wyk Louw is op Junie 1906 in Sutherland gebore. Hy is die oudste broer van die digter W.E.G. Louw. Hy gaan in sy tuisdorp skool, waar Engels die medium van onderrig is. Na matrikulasie in 1922 studeer hy aan die Universiteit van Kaapstad en behaal 'n B.A. graad met Duits as hoofvak. In 1948 word hy dosent in opvoedkunde by dieselfde universiteit. Daarna word hy

hoogleeraar in Suid Afrikaanse Letterkunde, Geskiedenis en Kultuur aan die Universiteit van Amsterdam. N.P. Van Wyk Louw is vanaf 1960 tot met sy dood in 1970 hoof van die Departement van Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Witwatersrand. Hy publiseer in die laat jare dertig die volgende bundels: *Alleenspraak* (1935) en *Die halwe kring* (1937). In die veertigerjare publiseer hy *Gestaltes van diere* (1942), gevolg deur *Nuwe verse* (1954). Hy bereik 'n hoogtepunt met *Tristia en ander verse, voorspele en vlugte 1950 – 1957* (1962).

Die gedig "Eerste sneeu" is die slotgedig in die siklus "Vier gebede by die jaargetye in die Boland". Dit kom uit die digbundel, *Die halwe kring* (1937). In *Skakering* (Opperman en Coetzee 1991) is dit ingedeel onder die tema, "Die mens in die natuur", met die implikasie dat die mens en natuur mekaar beïnvloed.

"Vier gebede by die jaargetye in die Boland" is 'n sonnetsiklus. Volgens Cloete (1992a: 478) dui 'n siklus in poësie op 'n opeenvolging van gedigte wat 'n kring of sirkel vorm. Die sirkel sentreer rondom 'n sentrale tema. Die "Vier gebede by die jaargetye in die Boland" bestaan uit die volgende vier sonnette: "Vroegherfs", "Hierdie ligte herfs", "Winter" en "Eerste sneeu". Die tema van die vier sonnette kan gelees word as gebede van dankbaarheid omdat die digter nou weet dat sy digterskap bevestig is.

Van Aardt (1987: 103) verduidelik verder dat die digter in "Vroegherfs" bid dat geestelike rypwording moet plaasvind. In "Hierdie ligte herfs" vind daar 'n geestelike vervulling plaas. Daar is rustigheid in die digter se gemoed. In "Winter" lyk alles dood maar daar is 'n onsigbare krag wat lewe voortbring. In "Eerste sneeu" vind vervulling plaas. Die digter is dankbaar dat sy digterskap bevestig is. Die gebede van die digter is beantwoord.

“Eerste sneeu” op letterlike vlak is 'n gedig oor 'n bekende natuurverskynsel, die natuurbeskrywing van die sneeu wat val oor die Bolandse berge in die winter. Maar in hierdie sonnet het die gedig 'n simboliese betekenis, die natuur word gebruik as 'n beeld om die digter se gemoedstoestand te verduidelik. Die digter se vreugde oor sy digterskap word met “Eerste sneeu” uitgebeeld. Hierdie vreugde het onverwags gekom, dit het “oornag” (reël 1) gekom na sy “vroeë smart” (reël 2). Die digter ervaar nie meer die vroeë gemis nie; hy het nou vrede. Om hierdie blydskap te beklemtoon gebruik hy kontraste: “blydskap” (reël 1) teenoor “smart” (reël 2) en “nuwe sneeu” (reël 1) teenoor “laaste helling” (reël 2).

Die “wit” kleur in sonnet 1 hou verband met “sneeu” in sonnet 4. Die aarde staan in reël 7 “wit oopgekelk”. Die beeld van sneeu word uitgebrei deur die herhaling van die woord 'wit'. “Die nuwe waters” (reël 7) wat uit die sneeu kom, is 'n simbool van lewe en vooruitgang. Die skrywer verwag nuwe lewe na die smart, wat vir hom vol vreugde is. “Want alles het gekom” (reël 8) dui aan dat die vreugde van sy innerlike vervulling gekom het. Die hoogtepunt van die sonnet vind plaas; hy is nie, meer bekommerd nie want sy gebed is beantwoord.

Om hierdie vreugde te beklemtoon verwys hy na die hart, “O hart, sal vreugde hoër gaan” (reël 9). Die “jy” in reël 10 dui daarop dat hierdie vreugde persoonlik is, dat dit sy eie is. Die retoriese vraag word in reël 10 gebruik om die “volheid” (reël 11) van die vervulling te beklemtoon. Hy vrees nie die “dood” (reël 12) nie, want die lewe het nou sy volheid gekry. Die skrywer se hart in reël 14 is 'n “wit golf” van vreugde. Die wit golf van vreugde waarin hy verkeer sal eendag breek as sy lewe aan 'n einde kom. Die woord “wit” in die laaste reël hou verband met “sneeu” in die eerste reël asook die woord “vreugde” in die laaste reël met “blydskap” in die eerste reël. Hierdie woorde beklemtoon die vreugde van die skrywer. Sneeu word gevolglik met blydskap geassosieer.

Die leerders kan na aanleiding van hierdie gedig bewus gemaak word dat sekere natuurverskynsels mense se gevoelens beïnvloed, byvoorbeeld sneeu wat hier

met blydskap geassosieer word. In hierdie gedig word beelde van die natuur gebruik om die mens se gemoedstoestand te verduidelik. In die gedig wat volg word natuurbeelde ook gebruik om die mens se emosies te beïnvloed.

4.3 Wilgerbome (Elisabeth Eybers)

(bylaag: p. 3)

Elisabeth Eybers is op 1915 in Klerksdorp gebore. Sy het haar skoolloopbaan in Schweizer-Reneke, waar haar vader predikant was, voltooi. Daarna studeer sy aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1933 behaal sy 'n B.A. graad. Elisabeth Eybers het 'n bydrae tot die vernuwing van die Afrikaanse poësie gelewer. Voor sy in 1961 na Nederland emigreer, word sy met die Hertzogprys bekroon. Sy is ook as 'n Nederlandse digteres aanvaar. Van haar verskyn die volgende bundels: *Belydenis in die skemering* (1936), *Die stil avontuur* (1939), *Die vrou en ander verse* (1945), *Die ander dors* (1946), *Tussengang* (1950), *Die helder halfjaar* (1956), *Neerslag* (1958), *Balans* (1962) en *Onderdak* (1968). In die sewentigerjare publiseer sy *Kruis of munt* (1973) en *Einder* (1977), gevolg deur *Bestand* (1982), *Dryfsand* (1985), *Rymdwang* (1987) in die tagtigerjare. In die negentigs publiseer sy onder andere *Tydverdryf/Pastime* (1996), asook *Noodluik* en *Respyt*. Sy verower verskeie literêre pryse vir haar werk en in 1991 ontvang sy die P.C. Hooft-prys in Nederland. Eybers kan onbetwisbaar beskou word as een van die belangrikste digters in Afrikaans en die laaste lewende verteenwoordiger van die Dertigers, wat 'n belangrike vernuwing in die Afrikaanse letterkunde gebring het.

Die gedig "Wilgerbome" kom uit die bundel, *Die vrou en ander verse* (1945). In *Skakering* is dit ingedeel onder die tema, "Die mens en die natuur". In die vorige gedig, "Eerste sneeu", word natuurbeelde gebruik om 'n gemoedstoestand van vreugde op te wek, maar in "Wilgerbome" word 'n treurige gemoedstoestand deurgaans behou. In werklikheid is "Wilgerbome" mooi bome met buigsame takke wat meestal naby water aangetref word. "Wilgerbome" versier die omgewing maar in hierdie gedig vergaan hulle skoonheid.

Dit is die einde van die dag (reël 1) en dit begin donker word. Daar is 'n atmosfeer van onsekerheid wat heers. As gevolg van die "wasbleek maan" in reël 3 kan die gestalte van bome gesien word maar hierdie bome het hulle versieringsvermoë verloor. Hulle is "wasig en tinger" (reël 3), teer en fyn van bou.

Die lente, 'n tydperk van groei, "het deur hul slankheid opgestoot" (reël 5). Die bome het ook begin groei en groen blare gekry. In hierdie uur van "droefheid van die skemer" (reël 7) het hulle egter hulle glans verloor. Teenoor die lewe is daar die dood in reël 8 wat hierdie atmosfeer van onsekerheid beklemtoon. Die "drie yl gedaantes" in reël 9, die dun bome wat hulle aantreklikheid verloor het, staan "weerloos" (reël 11). Die vergelyking in reël 12, "soos geeste op die drumpel van 'n droom", word gebruik om hierdie tyd van onsekerheid te beklemtoon.

Die onsekerheid word in die laaste strofe opgelos. Die gedaantes word in reël 13 "uitgewis" en dus verwyder as dit helder word. Die gedagtes van onsekerheid word "in vergetelheid gevou" (reël 14) en die gedaantes word heeltemal vergete. Die aandagstreep in reël 15 benadruk die sin wat volg, "wie sal hulle nog onthou" (reël 14). Die enjambement is ook funksioneel om hierdie sin te beklemtoon. Drome word gewoonlik vergeet en alles word duidelik wanneer dit helder word, wanneer "alles swart-op-wit en helder is" (reël 16).

Na aanleiding van hierdie gedig kan leerders bewus gemaak word van die nut van bome. Leerders kan 'n bespreking voer oor bome wat in hulle omgewing gevind word en die waarde daarvan, byvoorbeeld bome wat gebruik word vir medisyne en muti. Sekere bome word ook gebruik vir kulturele doeleindes, byvoorbeeld bome wat geplant word vir vrugbaarheid. Leerders kan ook bewus gemaak word van die emosionele effek wat die natuur op die mens het. Hulle kan voorbeelde noem.

Dit gaan hier nie primêr oor drome nie – daar word bloot 'n vergelyking getref: "Soos geeste op die drumpel van 'n droom".. Bome word gebruik as beeld van die natuur wat 'n treurige gemoedstoestand opwek. Die woorde, "swart-op-wit en helder" (reël 16) het ook 'n metapoëtiese implikasie. In die gedig wat volg word natuurbeelde gebruik om 'n geloof te beskryf.

4.4 Vuurlopers

(D.J. Opperman)

(bylaag: p. 4)

Diederik Johannes Opperman is op 29 September 1914 in die distrik Dundee gebore. Die grootste deel van sy jeug bring hy in Noord-Natal deur. Na sy skoolloopbaan op Estcourt en Vryheid gaan hy na die Universiteit van Natal op Pietermaritzburg, waar hy 'n M.A. graad verwerf. Hy bring die res van sy lewe deur in die Wes-Kaap as joernalis van die *Huisgenoot* en later as dosent in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde. Van 1947 was hy aktief besig as samesteller van Afrikaans bloemlesings veral die voortdurende bygewerkte uitgawes van die *Groot verseboek*. Van 1960 tot 1979 is hy 'n professor in Stellenbosch. Hy ontvang ook die bekroonde Hertzogprys vir sy poësie en dramas. In 1985 is die Gustav Preller prys vir letterkunde aan hom toegeken. Hy is dieselfde jaar oorlede. Van hom verskyn die volgende bundels: *Heilige beeste* (1945), *Negester oor Ninevé* (1947), *Joemaal van Jorik* (1949), *Engel uit die klip* (1950), *Blom en baaierd* (1956), *Dolosse* (1963), *Kuns-mis* (1964) en *Edms. Bpk.* (1970). Sy laaste bundel, geskryf na sy lewersiekte is *Komas uit 'n bamboesstok* (1979).

Die gedig "Vuurlopers" kom uit die bundel, *Engel uit die klip* (1950). In *Skakering* is dit ingedeel onder die tema, "Mense van alle soorte", wat by multikulturaliteit aansluit. Leerders moet in die demokratiese multikulturele samelewing kan aanpas. Die gedig handel oor die diep geloof wat Hindoes het dat hulle oor vuur kan loop sonder enige pyn.

Die gedig open met "rooi vlamme" (reël 2) wat "bokant die piesang- en mangobome" (reël 2) spring. Die enjambement in reël 1 is funksioneel om die vloei van die vers te bevorder. Bome word hier gemeld as beelde van die natuur. In hierdie gedig dien bome as 'n teken van vrugbaarheid. Mango- en piesangbome dra heerlike vrugte. Die bome situeer die gedig ook binne 'n tropiese of sub-tropiese omgewing. Langs die bome staan 'n "Hindoetempel" (reël 3) dus is dit moontlik dat die gedig oor die Hindoegeloof gaan. Hierdie plegtigheid is 'n gebeurtenis wat traag is. Dit sien 'n mens as gevolg van die "lome" (reël 3), vermoeide atmosfeer wat daar heers. "Wierook" word gebrand. Volgens Reddy (1989: 71) is die brand van wierook funksioneel in enige godsdienstige seremonie van die Hindoes om onheil te verdryf en om 'n geestelike atmosfeer te skep.

Gedurende hierdie seremonie word musiek van "kalbasfluite" (reël 4) gespeel. Kalbasfluite is 'n musiekinstrument wat uit 'n kalbasplant gemaak word. Die musiek is "eentonig" (reël 4) en sluit aan by die seremonie. "Eentonig" beteken dat dit net met een geluidstoon gespeel word sonder enige afwisseling. Voor hulle oor die vuur loop moet hulle in die "rivier" (reël 6) was. Die rivier dien as 'n teken van reinheid en hou verband met reiniging. Die gereinigdes in reël 5 soek bevryding voor hulle oor die kole na hulle God gaan. Die aandagstreep voor die woorde, "maar bang", in reël 6 beklemtoon die atmosfeer van spanning wat heers.

Die bok en die pampoens in reël 9 is simbole van offerandes wat die gereinigdes gebring het. Offerandes is iets waardevols wat aan God opgedra word. Dit is die priester in reël 10, iemand wat die gesag het om heilige rites van godsdiens uit te voer, wat heilige water "oor die vure en koel kweek" (reël 11) sprinkel. Die priester gebruik 'n "takkie blare" (reël 10) om die water oor die vuur te sprinkel. Dit is geseënde water wat hy gebruik om die vuur heilig te maak. Die water, 'n simbool van reinheid, hou verband met suiwerheid. As gevolg van die hitte en die spanning is die gereinigdes met sweet bedek. Die kole word oopgehark en die

“beswete skare” (reël 12) trap oor ‘n “tapyt kole” (reël 14). Die klimaks van die seremonie vind plaas in reël 14 wanneer die gereinigdes oor die vuur na hulle God Brahma “trap”.

Leerders word bewus gemaak van natuurbeelde wat hier gebruik word, byvoorbeeld bome as 'n simbool van vrugbaarheid, water van reinheid, ens. Leerders kan 'n bespreking voer oor natuurbeelde in hulle omgewing wat hulle gebruik vir sekere gebeurtenisse, byvoorbeeld religieuse seremonies, bruilofte en begrafnisse. Leerders sal in staat wees om verskeie waarde- en geloofstelsels te bespreek. Hulle sal bekend gestel word aan die idee dat simbole kulturele konnotasies het en sal begin nadink hoekom mense simbole skep. In hierdie gedig is natuurbeelde gebruik om simbole te skep, terwyl in die gedig wat volg leerders bewus gemaak word dat dit hulle verantwoordelikheid is om die natuur of omgewing te bewaar.

4.5 wêreld

(Zahn de Bruyn)

(bylaag: p. 5)

In 'n resensie van haar debuutbundel beskryf Cloete (1984: 14) Zahn de Bruyn as 'n jong en belowende digter. Haar eerste bundel is *Kaia vir die tye* (1983), wat sy op die ouderdom van sestien geskryf het. Die gedigte in hierdie bundel handel oor 'n jongmens in sy of haar jeugdige verbeeldingswêreld, belangstellings, liefdesverhoudings en drome. Die sestienjarige se gedagtes word in gedigte soos “wêreld”, waarin die digteres die skoolwêreld beskryf, duidelik uitgebeeld.

Die gedig “wêreld” kom uit die bundel *Kaia vir die tye* (1983). In *Skakering* word dit ingedeel onder die tema, “Mense van alle soorte”, wat die idee van multikulturaliteit uitbeeld. Die titel word in klein letters geskryf, want die wêreld van die spreker is 'n klein skoolkonteks. Die wêreld word ook deur die oë van die jong kind gesien, wat deur die leerders, die klaskamers en die skoolgrond verteenwoordig word. Die skoolwêreld is waar die leerders hulle gereed maak vir die wêreld van die volwasse lewe.

Volgens *Die Kernwoordeboek* (2000: 391) kan 'omgewing' verwys na 'n "streek of buurt, 'n kring waarin beweeg word, sowel as die natuur en die mens." Die gedig "wêreld" verwys nie direk na die natuur nie, maar het meer te make met die sosiale omgewing van die mens, in dié geval 'n skoolleerling. Die leerder word self aan die woord gestel om te vertel hoe hy/sy die wêreld ervaar. In reël 1 dra die leerders "groen skoolbaadjies" en hulle lyk eenders. Hulle is 'n "homogene massa" (reël 2) as gevolg van hulle skoolklere. Hulle druk mekaar deur die skoolgange omdat so baie van hulle in 'n beperkte ruimte beweeg.

Die leerder se wêreld bestaan ook uit "groen skoolborde" (reël 5), waarop gegewens met "wit kryt" geskryf word. Die groen kleur word ook in die klaskamer gebring deur die groen bord. Die groen kleur van skoolbaadjies in strofe 1 hou verband met die groen kleur van die skryfbord in strofe 2. Die groen kleur verteenwoordig in hierdie gedig die gebrek aan ondervinding van die leerders. Die leerders se wêreld bestaan ook uit die "groen skoolgrond" (reël 10). As hulle buite beweeg is die wêreld ook groen. Dit is op die skoolgrond waar die leerders die pret van die dag ervaar. Die kleur "groen" word in elke strofe herhaal om dit te beklemtoon. Die wêreld van die leerder is groen en "Elke dag kleur ons hom in met simba en sokkerballe" (reël 13 en 14). Leerders is 'groen vakuole' (reël 15) of holtes en hulle moet die belangrikheid geleer word om hulle omgewing te bewaar en nie te besoedel nie.

Hierdie gedig sluit aan by die leerders se leefwêreld aangesien dit oor hulle eie skoolomgewing handel. Leerders kan bewus gemaak word dat elke persoon 'n gesonde, veilige plek nodig het. Besoedeling van die omgewing is die oorsaak van baie hedendaagse gesondheidsprobleme. Dit is hulle verantwoordelikheid om die omgewing (skoolwêreld) skoon te hou. In die gedig wat volg word leerders aan die idee van die natuur as 'n bron van inkomste bekendgestel, met ander woorde: die natuur is 'n noodsaaklike bron vir die lewe want dit het finansiële voorwaardes.

4.6 Ken jy die see ...

(Uys Krige)

(bylaag: p. 6)

Uys Krige is in 1910 op die plaas Bontebokskloof in die distrik Swellendam gebore. Reeds as vyftienjarige skoolseun begin Krige gedigte en prosa skryf en in tydskrifte publiseer. Hy werk as joernalis by Afrikaanse koerante. Met die uitbreek van die oorlog werk hy as oorlogskorrespondent vir 'n paar koerante. Tydens 1941-43 is hy krysgevangene in Italië. Na die oorlog woon hy aanvanklik in Johannesburg. Hy wy hom weer aan joernalistiek toe en onderneem 'n studiereis na Frankryk. In die buiteland kom daar wel erkenning vir sy werk in vertaalde vorm. In 1958 ontvang hy 'n eredoktoraat van die Universiteit van Natal, iets wat die Rhodes Universiteit en Universiteit van Stellenbosch later navolg. Die volgende digbundels het van hom verskyn: *Kentering* (1935), *Rooidag* (1940), *Oorlogsgedigte* (1942), *Die einde van die pad en ander oorlogsverse* (1947), *Hart sonder hawe* (1949) en *Ballade van die groot begeer* (1960). Uys Krige het talle pryse vir sy werk ontvang. Die Akademie prys vir vertaalde werk het hy vyf keer ontvang. In 1987 is hy op die ouderdom van 77 oorlede.

Die gedig "Ken jy die see" kom uit die bundel, *Versamelde gedigte* (1950). In *Skakering* is dit ingedeel onder die tema, "Die mens werk en studeer", met die implikasie dat die natuur aan ons hulpbronne gee wat ons nodig het om van te lewe. Die spreker in die gedig is die visserman wat ook vis verkoop. In elke strofe verduidelik die visserman aan watter gevare die vissers blootgestel is om vis te vang. Die refrein "ken jy die see" is ook 'n frase wat die musikaliteit van die vers bevorder; dit versterk ook die struktuur van die gedig.

Die gedig begin met 'n beskrywing van die see as dit kalm is. 'n Vergelyking word gebruik in reël 1: "hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur". As die see kalm is lyk hy soos 'n stoep wat blinkgevyf is. Die teenoorgestelde daarvan is ook moontlik, naamlik "hy's gevaarliker as vlam of vuur" (reël 4). Hierdie teenstelling

beklemtoon die mag van die see wanneer dit kalm is. Personifikasie word gebruik om die kalmte van die see verder te beskryf in reël 6. Dit lyk naamlik soos "'n stil, soet kind". Hierdie kalmte kan "dae, dae" (reël 7) lank duur. Die woord dae word herhaal om te beklemtoon dat die kalmte vir 'n baie lank tyd kan duur. Die verandering van hierdie kalmte word deur 'n "bries" (reël 8) veroorsaak. 'n "bries", wat 'n ligte windjie is, kan in 'n "bulderende wind" (reël 8) verander. 'n Bulderende wind is 'n baie sterk wind wat dreun. As die see so skielik verander dan is die vissers se lewens in gevaar.

Die vissers vrees vir hulle lewens. In reël 11 word die woord "swart" drie keer herhaal. Hierdie herhaling beklemtoon die vrees van die vissers. Die woord "swart" hou verband met "nag" in reël 11. Hulle weet nie waar hulle bure is om hulp te vra nie. "Die dood" (reël 13) word vermenslik om hierdie gevoel van vrees te beklemtoon. Die woorde "swart" en "dood" in hierdie strofe staan in verhouding met mekaar. Die viskoper weet niks van hierdie gevare wat die see inhou nie. Hy is veilig; "Jy sit pal in jou kliphuis" (reël 17). In die huis bekommer hy hom net oor die hout, "En daar's geen sprokkel hout meer vir jou vuur" (reël 16). Die tuisblyer is moontlik ook die visser wat tuis (sonder werk) sit terwyl die weer guus is en hy nie kan visvang nie. Sy geld word min sodat hy later geen geld het om hout te koop nie.

Die viskoper wil van die aangesprokene weet, "Was jy al van jou bootjie soos 'n veer gevee?" (reël 21). As die golf kom dan word die visser deur die lug geslinger. Die vergelyking "soos 'n veer" beklemtoon die manier waarop die visser geslinger word. Om verder te verduidelik word 'n vergelyking gebruik om die golf, wat die visser van die bootjie vee, te beskryf, "'n grys golf hoog soos 'n tronk se muur" (reël 22). Dit is gedurende die nag en niemand gaan die visser hoor as hy skree nie. Wanneer hy verdrink, sluk hy soutwater, "die water is sout" (reël 24).

Die vissers word byna kranksinnig as gevolg van die vrees, "die waansin ken geen redmiddel of kuur" (reël 27). Daar is niks wat kan help nie. Hierdie vrees vreet die "ingewande" (reël 28), die binneste. Dit wys na die mag van die vrees. Die vrees is "koud soos ys" (reël 29), maar daarteenoor is dit soos "hellevuur", soos vuur in die hel.

Die see is ook jaloers, hy wag dat die visser "een misstappie moet gee" (reël 27). As die visser net een fout maak verloor hy sy lewe. Die visser gee 'n voorbeeld vanaf reël 28 van die "ou vroujie", wat al drie seuns aan die see verloor het. Sy kan nie glo dat haar seuns dood is nie. Sy dink haar seuns sal "betyds vir tee" (reël 31) terugkom. Die vrou se verdriet is groot, want haar seuns is "agter die kerk hofmuur" (reël 32) begrawe. Om die dood te versag, word 'n eufemisme gebruik in reël 32, "hul slaap", omdat die dood 'n onaangename gebeurtenis is.

Na alles wat die visser vertel het, dink hy dat die viskoper nou sal verstaan hoekom die prys van vis duur is. Na aanleiding van hierdie gedig word die leerders bewus gemaak van die gevaarlike werk wat mense doen om te lewe, soos byvoorbeeld visvang. Hulle leer ook dat die see gebruik kan word as 'n bron van inkomste. Leerders kan ook gevra word om hierdie dialoog tussen die visser en viskoper uit te voer. Net soos die natuur gevare vir die mense inhou, so kan mense die natuur vernietig. In die gedig wat volg, word die voëls deur jagters geskiet of gejaag.

4.7 Eendvoël-jag (Barend J. Toerien)

(bylaag: p. 7)

Barend J. Toerien is in die jaar 1921 gebore. Sy oeuvre bevat *Gedigte* (1961), *39 gedigte* (1964), *Verliese en aanklagte* (1973), *Illusies, elegieë, oorveë, transfusies* (1976), *'n Plek op die land: Catskillverse* (1985) en *Parte speel* (1991). Die gedigte wissel van gevoelige natuurwaarnemings, gedigte oor die

verlange en verse van ontheemde mense, gedigte oor die jeug en herinnerings uit die verbygaande landelike fase in sy lewe tot liefdesverse. Toerien het baie jare in Kaapstad gewoon en onder meer by die Verenigde Nasies gewerk. Hy is ook 'n gesoute reisiger.

Die gedig "Eendvoël-jag" kom uit die bundel *Aanvange* (1983) wat 'n herdruk is van *Gedigte en 39 gedigte*. In *Skakering* is dit ingedeel onder die tema, "Die mense en die dier", wat iets vooropstel oor die verhouding tussen mens en dier. Die gedig handel oor 'n groep jagters wat voëls jag.

In reël 1 en 2 word die beweging van die voëls beskryf. Die eende berei hulleself voor om te vlieg, "trap die water, trap die riet" (reël 2). Die woord "trap" word herhaal om die beweging van die swerm te beklemtoon. Die woorde "wye" (reël 1) en "swerms" (reël 2) word deur die enjambement beklemtoon. Om die beweging van hierdie wye swerm eende te verduidelik word die woord "fladder" in reël 3 gebruik. Om te fladder beteken om heen en weer te beweeg. Hulle begin om te vlieg, "kry vaart en vorm rye" (reël 3). Hulle begin vlieg en vlieg hoog, buite die bereik van mense.

Een van die jagters "mik" (reël 4), met ander woorde korrel om te skiet. 'n Swart voël tuimel soos 'n swerm bye" (reël 5). Die woord "tuimel" is 'n poëtiese woord wat beteken veral, na benede val in dié konteks. Die dood van die voël word deur die woord "swart" gesimboliseer. Die woord "swerm" word in (reël 1 en 5) gebruik om die groepsverband en ook getal van die eende te beklemtoon. Daar is net een jagter. Teenoor die "swerm" is daar "iemand" (reël 4), een jagter wat skiet. Vir hierdie een voël het die dood gekom terwyl die ander voëls weggevlieg het.

Die voël "spartel" (reël 6), met ander woorde doen vinnige bewegings met sy vlerke en veg vir sy lewe, maar dit is alles tevergeefs. Die dood word versag deur 'n eufemisme te gebruik, naamlik "lê dan stil" (reël 8) wat die dood suggereer. Die skiet van die voël is 'n sport vir mense en verskaf plesier aan hulle. Die voël

word ook 'n prooi vir die hond, naamlik "'n hond byt in sy rug" (reël 8). Hierdie jagepisode sou die jagter vergeet, maar toe sien hy later die dag "rooi vere op die water" (reël 10). Die water is 'n teken van lewe maar in hierdie gedig herinner die vere op die water die jagter aan die voël se dood.

Na aanleiding van hierdie gedig kan leerders bewus gemaak word van sekere bedreigde spesies soos voëls en diere wat onwettig gejag word. Die onwettige handel bring mee dat die plant- en dierespesies bedreig word. Die nut van voëls in die natuur kan ook behandel word. Leerders kan bewus gemaak word van voëls soos arende wat as simbole van krag en dapperheid beskou word, maar dié is gewoonlik ook bedreigde spesies in baie lande. Baie voëls verskyn op die vlag en landswapens van baie volke en dien as simbole van lande. Daar is 'n ooreenkoms tussen die twee gedigte: "Eendvoël-jag" en "Luisterswaeltjies" want albei handel oor voëls. Die verskil is dat in die gedig "Eendvoël-jag" die natuur met die doodgedagte verbind word en in "Luisterswaeltjies" word die gewoontes van die voël in verband gebring met menslike optrede en dit versterk die implikasie van die verhouding tussen mens en natuur. Leerders kan ook gewys word op die delikate balans tussen bewaring en benutting en op die mens se verantwoordelikheid in dié verband.

4.8 Luisterswaeltjies

(T.T. Cloete)

(bylaag: p. 8)

Theunis Theodorus Cloete is op 31 Mei 1924 gebore. Hy studeer aan die Universiteit van Pretoria. Vir 30 jaar lank is hy dosent aan die Potchefstroomse Universiteit. In 1980 debuteer hy met die bundel *Angelliera* waarvoor hy beide die Hofmeyer en die Ingrid Jonker prys ontvang. In 1983 is die Louis Luyt prys aan hom toegeken vir sy tweede bundel *Jukstaposisie* (1983). Van hom verskyn ook die volgende bundels: *Allotroop* (1985), *Idiolek* (1986), *Driepas* (1989) en *Met die aarde praat* (1992b), asook *Uit die hoek van my oog*.

Die gedig "Luisterswaeltjies" kom uit die digbundel, *Jukstaposisie* (1983). In *Skakering* is dit ingedeel onder die tema, "Die mens en die dier". Swaeltjies is trekvoëls wat in swerms migreer. Hulle bring die somer op een plek en die winter op 'n ander plek deur.

In reël 1, "die swaeltjies op die telefoondraad", word inversie gebruik om die woord "swaeltjies" voorop te stel. Volgens die gedig sit hulle nie sonder rede op die telefoondraad nie - hulle "luister" (reël 2) mense se gesprekke af. Die mense in reël 3 wat "knieserig brom", kla oor die naderende winter wat van die suide af kom. Hulle praat ook van die "barre suide" (reël 5) en die "warm welige somernoorde" (reël 6). Teenstellings word gebruik om die barre suide in teenstelling met die "warm welige somernoorde" te beklemtoon. Die suide is koud; dit is winter en onvrugbaar. In die noorde is dit somer, warm en vrugbaar. Vrugbaarheid is 'n teken van lewe, van nuwe hoop in die toekoms. Onvrugbaarheid gee 'n gevoel van droefheid en wanhoop.

Die enjambement in die versreëls is funksioneel om die vloei van die vers te bevorder. Personifikasie word gebruik, want die swaeltjies luister na gesprekke. Volgens die gedig speel die mense 'n direkte rol in die swaeltjies se trek na die noorde, omdat hulle die gesprekke van mense afgeluister het. Die swaeltjies word uitgebeeld as voëls wat nie deur instink gedryf word nie, want hulle reageer op wat die mense sê. Hulle word dus as menslik uitgebeeld wat die leser dan meer met die swaeltjies laat identifiseer. Die swaeltjies word ook gesien as die boodskapper van lente, 'n tydperk wanneer mense en diere opnuut kan hoop op die toekoms.

Leerders kan na aanleiding van hierdie gedig bewus gemaak word van die voëls in hulle omgewing. Hulle kan die gewoontes van voëls in hulle omgewing bestudeer. Hierdeur word hulle aangemoedig om waar te neem. In die gedig wat volg word die gewoontes van slange bestudeer.

4.9 Luislang

(Piet van Rooyen)

(bylaag: p. 9)

Piet van Rooyen is in Namibië gebore en het in Stellenbosch grootgeword. Hy is 'n oud akademikus in ontwikkelingsadministrasie en inheemse reg, asook 'n digter. Van Rooyen is ook 'n romanskrywer en sy roman *Die Spoorsnyer* (1994) is in 'n romankompetisie (Sanlamprys) met die eerste prys bekroon, 'n teks wat onder meer die witman en die Boesman in 'n konflik uitbeeld. Van Rooyen het ook die volgende bundels geskryf: *Draak op die werf* (1973) en *Rondom 'n boorvuur* (1983). Van Rooyen is ook 'n visser en duiker.

Die gedig "Luislang" kom uit die bundel *Rondom 'n boorvuur* (1983). In *Skakering* is dit ingedeel onder die tema, "Van diere en dinge". Die gedig handel oor 'n slang wat in die son lê en rus. Die alliterasie in reël 1 dien as 'n middel om ritme oor te dra. Die alliterende "l" klank bring mee dat die gedig stadig gelees word en hou verband met "lui" in reël 1. Dit is warm as gevolg van die hitte van die son. Die woord "son" eindig reël 1 en "warm" begin reël 2. Hierdie herhaling van woorde wat verwant is, beklemtoon die warmte wat heers.

'n Vergelyking word gebruik om die slang te beskryf, "hy lyk soos 'n boom" (reël 3), en as gevolg daarvan sal 'n mens nie die slang maklik raaksien nie. Om die slang verder te beskryf word 'n metafoor gebruik, "sy stert is 'n penwortel" (reël 4). Die slang se stert is soos 'n penwortel en dit lyk ook soos 'n boom sonder takke, "hy het nie takke nie" (reël 5). 'n Waarskuwing word gegee, want hierdie boom sonder takke is gevaarlik. In reël 7 word die woord "pasop" gebruik. Die kommapunt aan die einde van reël 6 is funksioneel om die woord "pasop" in reël 7 voorop te stel en die uitroepteken beklemtoon die waarskuwing. Hierdie slang is gevaarlik al sou 'n mens dink die slang "lê en loom" (reël 8).

As 'n mens na die slang kyk, lyk hy moeg en vaak, maar hy wag eintlik vir sy prooi. Reël 8 eindig met 'n dubbelpunt wat reël 9 vooropstel, "hierdie boom

sonder takke is 'n vleisvreterboom" (reël 9). Die uitroepteken aan die einde van die sin beklemtoon die waarskuwing. Die woorde "takke" en "boom" word herhaal om te beklemtoon dat die slang net soos 'n boom lyk, maar 'n boom sonder takke. Dit is ook 'n boom wat vleis "eet". Die slang kan enige tyd sy prooi vang.

Leerders word bewus gemaak van sekere gevaarlike diertjies in hulle omgewing. Leerders kan gevra word om ander diertjies te noem wat net so gevaarlik soos hierdie slang is en hulle moet ook die dier beskryf. Hierdie gedig gee leerders kans om hulle waarnemingsvermoë te ontwikkel. In die gedig wat volg word leerders bewus gemaak van uitgestorwe en bedreigde diere en hoe dit hulle lewens beïnvloed.

4.10 Agter tralies (C.M. van den Heever) (bylaag: p. 10)

Christiaan Maurits van den Heever is op 23 Februarie 1902 in die konsentrasiekamp by Norvalpont gebore. Hy word in die distrik van Trompsburg groot. In 1924 behaal hy 'n B.A. graad met Nederlands en Geskiedenis as hoofvakke. Hy werk 'n tydlang in die redaksie van *Die Landboublad* en *Die Volksblad*. In 1926 behaal hy 'n M.A. graad met lof en vertrek Nederland toe. Aan die Universiteit van Utrecht slaag hy in 1929 die doktoraaleksamen. Van den Heever is bekend as 'n belangrike prosaskrywer in Afrikaans in die genre wat vandag bekendstaan as die plaasroman. Van hom het die volgende digbundels verskyn: *Stemmingsure* (1926), *Die nuwe boord* (1928), *Deining* (1932), *Aardse vlam* (1938), *Versamelde gedigte* (1945), *Verhalende gedigte* (1950) en *Honderd sonnette* (1955).

Die gedig "Agter tralies" kom uit die bundel *Versamelde gedigte* (1950). In *Skakering* is dit ingedeel onder die tema, "Van diere en dinge". Die titel is 'n uitdrukking: dit beteken om iemand of iets in gevangenskap te hou, om vryheid te verloor. Die dier word teen sy wil in 'n beperkte ruimte of 'n hok aangehou.

Die tralies van die hok waarin die dier lê, is met bloed besmeer, vermoedelik as gevolg van die vleis wat mense instop, "agter bloedbesmeerde tralies lê sy kop op sterke kloue" (reël 1) of omdat hy hom in sy woede teen die tralies beseer het. Die inversie in reël 1 word gebruik om die woord "agter" te beklemtoon. Die woorde "sterke kloue" in reël 1 wys dat die dier baie sterk is. Die dier is kwaai, want "in sy oë brand 'n geelgroen vlam" (reël 3). Dit is asof daar vuur in sy oë brand. Die enjambement in reël 3 is funksioneel om die vloei van die vers te bevorder. Om die dier se krag verder te beskryf, is 'n bewys in sy nek van "vreeslike kragte" (reël 4) maar hierdie krag word "opgedam" (reël 4). Die dier is dus magteloos.

Hy steek sy woede weg omdat hy in gevangeneskap aangehou word. "In hom is die swarte vlae van die drif" (reël 5) dui aan dat in die dier daar 'n ingehoue woede is wat hy onderdruk, want die mense het hom van sy vryheid ontnem. Die dier is ongelukkig en verdrietig. Sy mag word nutteloos deurdat hy gevange gehou word. Ten spyte van hierdie vernedering het die dier 'n vermoë om alles te vernietig, vergelyk die woorde "alles wil verskeur" (reël 6). Die dier wil "die dodelike sprong" (reël 8) vat en die mense wat hom gevange hou, doodmaak, maar die tralies keer hom dus is sy beweging beperk. Uit magteloosheid brul hy dat dit ver gehoor kan word. Hy kan niks doen nie want hy is vasgekeer in die hok. Die dier gee 'n bitter aanklag deur te brul: "sy gebrul die asfaltstrate deur" (reël 11). Hy maak die mense wat hom gevange hou bewus van sy ontevredenheid. Dit is 'n gevoel van emosionele mishandeling vir die dier. Mense wat diere teen hulle wil aanhou, dink nie aan die begeerte van vryheid wat diere het nie. Hulle is "die dooi beskawing" (reël 10).

Daar is 'n ooreenkoms tussen die gedig "Eendvoël-jag" en "Agter tralies", want albei handel oor die bedreiging van die mens teenoor diere. In "Eendvoël-jag" word voëls gejag en in "Agter tralies" word 'n roofdier in 'n hok gehou. Na aanleiding van hierdie gedigte kan die leerders bewus gemaak word van omgewingskwessies soos die jag en gevangeneskap van diere. Die nut van

dieretuine kan ook bespreek word. Diere word in dieretuine in hulle natuurlike omgewing gehou, met genoeg ruimte om rond te beweeg.

5. GEVOLGTREKKINGS

In die lig van die bogenoemde analyses van die gedigte in *Skakering* is dit duidelik dat die tekste suksesvol aspekte en probleme van omgewingsbewaring representeer. Samevattend kan puntsgewys terugkom na die tekste met 'n kommentaar oor die pedagogiese implikasies na aanleiding van die inhoud.

- In "Droogte" kan die leerder die uitwerking wat natuurlike gebeurtenisse op die lewens van mense het, identifiseer en ontleed. Hoe ervaar mense, diere en plante droogte as natuurverskynsel?
- In "Eerste sneeu" word beelde van die natuur gebruik om die digter se gemoedstoestand te beskryf. Die sneeu het 'n simboliese betekenis van skoonheid, suiwerheid en dit beskryf hoe die digter voel (sy innerlike blydschap wat smart in skoonheid verander). Beelde van die natuur word gebruik om die verhouding tussen mens en natuur uit te beeld.
- In "Wilgerbome" word beelde van die natuur gebruik om die onwerklikheid van drome te beskryf. Drome wat net in die skemer kom, word uitgewis as dit helder word. Bome word gebruik om hierdie gevoelens te beskryf. In baie kulture word bome gebruik in mites, legendes, ens. Mense heg sekere waardes aan bome. Leerders kan bewus gemaak word van die nut van bome in hulle omgewing.
- In "Vuurlopers" kan leerders aangemoedig word om in 'n atmosfeer van respek vir verskillende kulturele simbole te leer. Leerders kan van mekaar leer hoe hulle sekere waardes aan natuurverskynsels heg byvoorbeeld bome, diere, water, ens.

- In "wêreld" beklemtoon die gedig die groen kleur wat 'n metafoor is vir die gebrek aan ondervinding en kennis (die groen skoolbaadjies, skryfborde, skoolgrond). Leerders kan bewus gemaak word van die voordele van omgewingsbewaring en die gevare van oorbevolking en besoedeling. Hierdie gedig sluit aan by die leerders se leefwêreld; dit handel oor hulle eie omgewing en dit sal hulle belangstelling prikkel.
- Die dreigende teenwoordigheid van die natuur se gevaar word in "Ken jy die see" goed beskryf. Die spreker verduidelik die gevare wat die see vir die vissers inhou. Die mense kla oor die prys van vis sonder om die lewensgevaar van die vissers in ag te neem. Die leerders kan bewus gemaak word dat die see ook as 'n hulpbron gebruik word. Die vissers verkoop vis en dit is hoe hulle geld verdien.
- "Eendvoël-jag" en "Agter tralies" handel oor die mishandeling van diere soos sekere voëls wat gejag word en diere wat vergiftig en doodgeskiet word. Albei gedigte kan die leerders bewus maak van die wette oor die jag van diere. Albei handel oor die onreg wat mense aan diere doen byvoorbeeld wilde diere wat in hokke gehou word en voëls wat geskiet of vergiftig word. Leerders word ook bewus gemaak van die nut van diere en voëls in die omgewing.
- "Luisterswaeltjies" handel oor die digter wat personifikasie gebruik om die leser te laat identifiseer met die swaeltjies. In hierdie gedig beeld die digter uit dat die swaeltjies nie suide toe trek as gevolg van instink nie, maar omdat hulle mense se telefoongesprekke afluister en dus nader aan die menswêreld as aan die dierwêreld is. Leerders word ook bewus gemaak van trekvoëls (voëls wat die somer op een plek en die winter op 'n ander plek deurbring).
- "Luislang" handel oor 'n slang wat in die son lê, maar wat elke oomblik gevaarlik mag wees. Die slang kan nie maklik gesien word nie aangesien dit

soos 'n boom lyk. Die slang lê en wag vir sy prooi. Leerders kan bewus gemaak word oor die belangrike rol wat slange in ons omgewing speel.

Leerders leer in die bogenoemde gedigte die eiesoortigheid van die lewe en die erkenning van die verantwoordelikheid om die omgewing te beskerm en te bewaar. Deur omgewingsopvoeding kan die aangebore neiging by die leerder om natuurverskynsels te ondersoek en te probeer verklaar, geprikkel word. Navorsing bied leerders die geleentheid om dinge self te ontdek. Agtergrond sinligting moet deurlopend aan die leerders gegee word om perspektiewe op die leerinhoud te verskaf.

Leerders kan op hulle eie inisiatief en verantwoordelikheid gemeenskaplike probleme oplos. Hierdeur sal hulle die lewensgehalte van die gemeenskap verbeter. Uitdagings en betekenisvolle verhoudings word gevorm omdat leerders die insigte met ander ook deel. Leerders ontwikkel ook selfvertroue om te kommunikeer. Die insluiting van omgewingsopvoeding in vakinhoud sal belangrik wees aangesien dit kwessies oor mense se lewens en gesondheid aanspreek.

In die lig van die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat omgewingsopvoeding suksesvol geïntegreer kan word met taal, spesifiek die poësie, om die lees en leerproses te stimuleer aan die hand van sosiale relevante sake. Die inhoud van gedigte verskaf waardevolle inligting wat omgewingsbewustheid, belangstelling in poësie en waardering vir die natuur by die onderwyser en leerders kan kweek.

BIBLIOGRAFIE

Witskrif oor Omgewingsopvoeding. 1995. Pretoria: Departement Omgewingsake.

1997. *Nasionale Beleidsdokument*. Pretoria: Departement Opvoedkunde.

Bell, Nigel & Cowper-Lewis, Neg. 1993. *Literature, Nature and the land. Ethics and Aesthetics of the Environment*. Durban: University of Natal.

Burt, J.C. 1999. *A case study of theatre for development of environmental education*. Unpublished M.A. dissertation. Rhodes University.

Chiepe, G.K.T. 1998. *Environmental education in the 21st century*. Botswana: Proceeding of the EEASA Annual Conference.

Cloete, T.T. 1984. Kaia vir die tye. *Die Volksblad*. 26 Mei: 14.

Cloete, T.T. (red.) 1992a. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: Haum-Literêr.

Cloete, T.T. 1992b. *Met die aarde praat*. Kaapstad: Tafelberg.

Coetzee, John. 1986. *Die Ysterpad see toe*. Kaapstad: Tafelberg.

Crous, M. 1994. Kringe in 'n bos: enkele groen lesidees. *Klasgids*, 29 (4): 23-24.

Du Toit, D. & Squazzin, T. 1995. *Tools of trade*. Namibia: Environteach.

Gous, R. (red.) 1994. *Die basiswoordeboek van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

Hall, W., Holomisa T. & Lamont, R. 2000. *Mense en sosiale wetenskappe*. Wes-Kaap: Opvoedkunde uitgewers.

Hough, Barrie. 1986. *My Kat word herfs*. Kaapstad: Tafelberg.

Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Band 1. Kaapstad: Academica.

Ketlhoilwe, M.J. 1998. *Sustainable ways of introducing environmental education in the classroom*. Botswana: Proceeding of EEASA Annual Conference.

Kruger, E. 1995. *Imagologiese analise: F.A. Venter se Wit Oemfaan in die Afrikaanse tweedetaalklaskamer*. Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Durban: Universiteit van Natal.

Marais, J.L. 1990. *Groen: Gedigte oor die omgewing*. Pretoria: Haum-Literêr.

Marais, J.L. 1992. *Verweerde aardbol*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Marais, J.L. & Zuiderent Ad. 1997. *Ons klein en silwerige planeet*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Mathee, D. 1984. *Kringe in 'n bos*. Kaapstad: Tafelberg.

Morris-Keitel, Peter. 1997. *A dictionary of cultural and critical theory*. London: Basil Blackwell.

Nieman M.M. & Loubser, C.P. 1992. 'n Omgewingsopvoedingsbenadering by die onderrig van Afrikaans. *Klasgids*, 27(4): 54-58.

Nortjé, P.H. 1982. *Die Wildedruif val*. Kaapstad: Tafelberg.

Odendaal, F.F. 1991. *Die verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Agtste Uitgawe. Kaapstad: Perskor.

Odendaal, F.F. 2000. *Die kernwoordeboek*. Halfway House: Perskor.

Opperman, D.J. & Coetzee, G.H.T. 1991. *Skakering*. Kaapstad: Tafelberg.

Palmer, J & Neal, P. 1994. *The Handbook of Environmental Education*. New York: Routledge.

Palmer, J. 1998. *Environmental education in the 21st century*. New York: Routledge.

Reddy, V. 1989. Vuurlopers - 'n Indiese perspektief. *Klasgids*, 24(1): 71-73.

Rousseau, Ina. 1995. *'n Onbekende jaartal*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Smith, M. 1987. Aantekeninge oor ses gedigte uit *Skakering*. *Klasgids*, 22(4): 95-102.

Van Aardt, C.P. 1987. 10 Voorgeskrewe gedigte. *Klasgids*, 22(1): 103-125.

Van Coller, H.P. (red) 1999. *Prespektief & profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 2. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Schalkwyk, D.J. 2000. *Die woordeboek van die Afrikaanse taal*. Elfde deel. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Visagie, A. 1997. Resensie: *Ons klein en silwerige planeet: Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse poësie oor die omgewing*. *Dubbelfluit*, 3(2): 176-180.

BYLAAG

GEDIGTE

I. D. DU PLESSIS

Droogte

Die hitte sprei sy wasem oor die grond
en laat die rantjies sidder in die blou.
Daar ver hang huise, in die lug gebou,
hier by my in die koelte hyg die hond.
Soos kerse flikker-dans die bome rond,
daar waar die vlakke verder nog ontvou.
Die diep-gebarste aarde is in die rou:
Swart wortels bind haar oopgevlakte wond.

Die besie stuur uit die kareedoringbos
eentonig soet sy loflied na die son.
Die seeroog-sprinkaan, in sy rooi gedos,
sit roerloos op die boonste melkbostak
en staar 'n sonverblinde wêreld in
waar wit geraamtes uitbleik op die vlak.

Uit: *Mens en ster*

N P Van Wyk Louw

Eerste sneeu

Die blydskap het oornag soos nuwe sneeu
die laagste hellings van my vroeë smart
tot skoonheid omgeskep waar elke skreeu
soos 'n sweep in die blink lig van die kloue hard
en helder klink. Die ronde aarde staan
wit oopgekelk en suiwer soos 'n blom –
een glinstering waar die nuwe waters gaan,
verwagtingloos, want alles het gekom.
O hart, sal vreugde hoër gaan, en jy
nie sterf? Daar kom in my 'n stil vermoede
dat alle lewe só sy volheid kry
en heerlik gaan in die rustige dood se hoede,
dat jy sal spoel en breek en uitgestort
in hierdie wit golf van die vreugde word.

Uit: *Versamelde gedigte*

ELISABETH EYBERS

Wilgerbome

Die einde van die dag het my gebring
na hierdie rookblou uur waarin hul staan
wasig en tinger, met 'n wasbleek maan
tussen hul ragwerk en die skemering.

Die lente het deur hul slankheid opgestoot
om in 'n teergroen tinteling oor te stort
maar in die droefheid van die skemer word
hul glansloos en gebonde aan die dood:

drie yl gedaantes aan die watersoom
in slingerende fraiings gedrapeer
en weerloos teen die spruitwal vasgekeer
soos geeste op die drumpel van 'n droom,

wagtend om deur die donker uitgewis
en weer eens in vergetelheid gevou-
te word – Wie sal hul môre nog onthou
as alles swart-op-wit en helder is!

Uit: *Die vrou en ander verse*

D. J. OPPERMAN

Vuurlopers

Bokant die piesang- en die mangobome
spring rooi vlamme van die hout ineen,
en langs die Hindoetempel uit die lome
wierook begin kalbasfluite eentonig teem
as die gereinigdes met klam kaalvoete
die paadjies kies uit die rivier – maar bang
duskant die oopgeharkte vierkant gloed
terugstuit, soos nat bruin vullens vasgevang.

Die bok en die pampoens lê oopgebreek,¹
die priester sprinkel met sy takkie blare
wywaters² oor die vure en koel kweek
en voorste ry van die beswete skare.
Dan in vervoering trap die kaal voetsole
lig-lig na Brahma³ oor tapyte kole.

Uit: Engel uit die klip

ZAHN DE BRUYN
wêreld

ons wêreld is groen skoolbaadjies
homogene massas wat
drukkend in skoolgange
voortstu

ons wêreld is groen skoolborde
waarop wit kryt stukkies raak
die skrif aan die muur
word tussen ons breinvoue
ingegraveer

ons wêreld is groen skoolgrond
wat in vierkante meters
deur ons rinkinkdae¹ strek
elke dag kleur ons hom in
met simba en sokkerballe

ons wêreld is groen vakuole²

Uit: *Kaia vir die iye*
(Sien: *Vrae*, p. 164.)

Ken jy die see . . .

Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur
en kalm soos min dinge hier benee,
maar hy's gevaarliker as vlam of vuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Dié vrede, kalmer as 'n stil, soet kind,
lyk of dit dae, dae lank sal duur.
Maar word dié bries 'n bulderende wind,
dan veg jy vir jou lewe, uur na uur.

En jy sê nog, Meneer, die vis is duur.

Ja, sleep die swart, swart wind die swart nag mee,
waar kry ons hulp dan, waar's ons naaste buur?
Die Dood staan voor die deur. Gee hy nog één tree,
dan kelder hy ons almal in sy koue skuur.

En jy sê nog, Meneer, die vis is duur.

Wat van die storms wat nooit ophou raas?
Jy sit pal in jou kliphuis, klam en guur,
en hoor die wind al woester, wreder blaas.
En daar's geen sprokkel hout meer vir jou vuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Was jy al van jou bootjie soos 'n veer gevee
deur 'n grys golf hoog soos 'n tronk se muur.
Wat help dit om te spartel en te skree: "Nee! Nee!"
sluk jy eers daardie waters sout en suur?

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Ken jy die doodsangs as die rukwind klap?
Dié waansin ken geen redmiddel of kuur.
Hy vreet mos aan jou ingewande nes 'n krap.
Hy's koud soos ys, heet soos die hellevuur!

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur,
ons wat net één ou misstappie moet gee
en hy kom tromp-op op ons afgestuur!

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Sien jy die krom ou vroutjie daar, mevrou Mathee,
wat telkens ver, ver oor die golwe tuur?
Sy dink dié briesie bring haar seuns betyds vir tee.
Hul slaap al drie agter die kerkhofmuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur . . .

BAREND J. TOERIEN

Eendvoël-jag

Oor die vlei rys hul in wye
swerms, trap die water, trap die riet,
fladder wild, kry vaart en vorm rye
hoog bo ons. Iemand mik en skiet.
'n Swart voël tuimel soos 'n swerm bye.

Dit spartel lelik, klap die lug,
herhaal die vliegbewegings van sy maters,
en lê dan stil. 'n Hond byt in sy rug.
Toe 'k weer daar jag die middag, later,
dryf 'n pluim rooi vere op die water.

Vogelvlei 1947

Uit: *Aanvange*

T. T. CLOETE

Luisterswaeltjies

die swaeltjies op die telefoondraad
luister af hoe praat
die mense hoe knieserig¹ brom
hulle van die koue wat kom
uit die barre suide van die lieflike oorde
wat lê in die warm welige somernoorde
dis hoe die swaeltjies so korrek
weet om agter ons drome aan te trek

Uit: *Jukstaposisie*
(Sien: *Vrae*, p. 171.)

PIET VAN ROOYEN

luislang

luislang lê lui in die son,
warm agter sy tande.
hy lyk soos 'n boom op die grond.
sy stert is 'n penwortel,
hy het nie takke nie,
en hy stoom deur sy neusgate:
pasop!
jy dink verniet hy lê en loom;
hierdie boom sonder takke is 'n vleisvreterboom!

Uit: *Rondom 'n boorvuur*
(Sien: *Vrae*, p. 171.)

C. M. VAN DEN HEEVER

Agter tralies

Agter bloedbesmeerde tralies lê sy kop op sterke kloue
en in sy oë brand 'n geelgroen vlam,
sy vel roer bewerig en in sy nek
is vreeslike kragte opgedam,
want in hom is die swarte vlae van die drif
wat alles wil verskeur omdat hy so verneder is.
In al sy kloue kiem die krag en in sy senings
wag daar geveerde ratsheid vir die dodelike sprong.
Maar voor sy oë hang die donker repe van die tralies,
en met 'n magtelose woede wat die dooi beskawing skeur,
gaan sy gebrul die asfaltstrate deur.

Uit: *Versamelde gedigte*